## 5 April Psalm 23:1 en Johannes 10:1-16

### *Die Here is my Herder - ek vertrou voluit op Hom*

Die bekende Psalm 23 bied groot vertroosting vir God se kinders in alle omstandighede. Die krag van God se Herderskap in ons lewe kom in die Psalm duidelik na vore. Te midde van baie veranderings in ons leefwêreld is ons anker ons geloof in God wat ons Herder is. Drie sake moet hier raakgesien word.

Die Here is my Herder. God Almagtig openbaar Hom as 'n Persoon wat in 'n persoonsverhouding met mense kom tree in sy verbond. Die Naam waarmee Hy Hom as Persoon openbaar word hier gebruik. Die vers druk daarom 'n persoonsverhouding uit van God met sy kind. Hierin vind gelowiges groot troos in alle omstandighede. In ons goeie Herder, Jesus Christus, kry hierdie vertroosting nog 'n ryker en voller betekenis. Die Here is my Herder. Die Here staan in 'n persoonlike verhouding met gelowiges soos die Herder met sy eie kudde. Hy ken elkeen op die naam. Elke gelowige kan bely dat die Here my Herder is wat versorg en beskerm. Dit bied sekuriteit ongeag ons lewensomstandighede - goed of sleg.

Die Here is my Herder. Die Herder van ouds het in 'n besondere verhouding met sy kudde gestaan. Hy het hulle gelei, versorg en beskerm. Die siekes het hy gedokter, die beseerdes verbind, die afgedwaaldes gaan haal. So is die Here ons Herder. Daarom vertrou ons voluit op Hom.

Sing: Psalm 23: 1

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)